# GEBARSTE WATERPYP BY SARS MBOMBELA-TAK

**PRETORIA, Maandag 19 Augustus 2019** – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig aan dat sy Mbombela-tak in Mpumalanga ‘n gebarste waterpyp het wat ‘n negatiewe uitwerking op die tak se bedrywighede het.

SARS vra om verskoning aan belastingpligtiges vir die ongerief veroorsaak.

As gevolg van hierdie situasie, het SARS alternatiewe reëlings getref en sal mobiele belastingeenhede gebruik word om diens aan belastingpligtiges voort te sit.

SARS sal alle pogings aanwend om die situasie so gou moontlik op te los en die impak op nakomende belastingpligtiges, wat hulle belastingopgawe-pligte wil nakom, tot ‘n minimum te beperk.

Belastingpligtiges wat diensleweringskwessies in die area ervaar, word aangemoedig om die SARS Kontaksentrum te skakel by 0800 00 7277.